
Mei - Junie 2009

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 8, No. 3 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2008 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# "Totsiens" aan Engeland?

Ek het vir dekades die Amerikaners en die nasies wat van die Britte afstam gewaarsku dat daar baie werklike *katastrofes* op hulle wag as hulle voortgaan om hulle rug op die God van die Bybel te draai. *Daardie* God – die enigste ware God – begin nou ingryp om die Amerikaners en die nasies wat van die Britte afstam, te straf. Hoewel die huidige vernederings 'n werklikheid is, is dit *maar net die begin*.

Op 'n onlangse besoek aan die Verenigde Koninkryk was ek bedroef om te sien hoe die Britte die oorname van hulle eens groot nasie gedwee aanvaar. Stadig maar seker, maand na maand gebeur dit reg voor hulle eie oë!

As 'n voorbeeld van wat besig is om te gebeur, berig die Britse invloedryke *Daily Telegraph* in 'n skokkende voorbladartikel gedateer 23 April 2008, die volgende:

> "Engeland is afgevee van 'n kaart van Europa wat deur die burokrate in Brussels opgestel is, as deel van 'n skema, wat die Tories beweer, dreig om die nasionale identiteit van die land te ondermyn.
>
> Die nuwe Europese plan verdeel Engeland in drie sones wat saamgevoeg word met gebiede in ander lande.
>
> Die 'Manche' streek dek 'n deel van suidelike Engeland en noordelike Frankryk terwyl die Atlantiese streek dele van westelike Engeland, Portugal, Spanje en Wallis insluit. Die Noordsee-streek sluit dele van oostelike Engeland, Swede, Denemarke, die Nederlande en dele van Duitsland in. 'n Afdruk van die kaart, wat geen melding maak van Engeland of Brittanje nie, het selfs die Engelse kanaal hernoem na die 'Kanaalsee'. Elke sone sal 'n 'transnasionale streeksvergadering' hê, alhoewel hulle nie oor uitgebreide magte sal beskik nie. Die sones word egter as simbolies belangrik geag deur ander lande".
>
> *Kan jy nou meer*!

Brittanje se *Daily Mail* berig ook oor daardie verraderlike plan en beskryf hoe in hierdie beraamde plan van die Europese Unie, elke streek bestuur sal word deur 'n "beherende gesag" van onverkose beamptes onder toesig van 'n direkteur. **Nie een** sal in die Verenigde Koninkryk gevestig wees nie!

Die *Daily Telegraph* berig aangaande 'n besorgdheid geopper deur die Konserwatiewe Party se segsman, Eric Pickles: "Die Arbeider-regering is nou op heterdaad betrap waar hulle met Europese burokrate saamsweer om 'n Europese superstaat te skep via die agterdeur".

Gekonfronteer deur Britte wat ontstoke is deur die voorstel, het die Britse regering se kantoor vir Buitelandse Sake, Pickles se besorgdhede afgemaak as "belaglik" en "onrussaaiery". 'n Verklaring deur die kantoor vir Buitelandse Sake hou vol: "Herhaalde pogings om mense bang te maak sodat hulle glo dat die EU op een of ander manier 'Brittanje gaan afskaf' is keer op keer as vals bewys – en hierdie is net nog 'n armsalige poging. Hierdie groeperings word gebruik om fondse na verskillende streke in Europa te versprei wat gelyksoortige omgewings-, vervoer- en toeriste belange het".

'n Beampte van Engeland se Departement van Gemeenskaplike en Plaaslike Regering hou vol: "Hierdie bewerings is volkome onsin. Dit gaan oor samewerking met ander lidstate om te verseker dat die Europese Streekontwikkelingsfonds projekte ondersteun wat werklik 'n verskil sal maak aan ons ekonomie en lewenskwaliteit – veral in die minderbevoorregte gebiede".

Praat die Arbeider-politici en regeringsburokrate die waarheid? Of *sal* 'n Europese regering probeer om Brittanje af te skaf? Wat sê u Bybel? Derduisende van u weet dat die Brits-afstammende en die Amerikaanse volkere in der waarheid die **eind**tydse oorblyfsel van die antieke "Huis van Israel" is wat meer as twee

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – "Totsiens" aan Engeland?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Die Waarheid wat omtrent niemand van kennis dra nie** 3
Wat gebeur met almal wat "ongered" sterf? Is die duisende miljoene Moslems, Hindoes en ander nie-Christene vir ewig verlore?

**Armageddon en Daarna** 9
Wetenskaplikes beraam dat die Tunguska ontploffing 'n energielading vrygestel het wat 'n duisend maal kragtiger was as dié van die kernontploffing wat Hirosjima, Japan, in Augustus 1945 verwoes het.

**Onder die punt van die ysberg** 14
Indien u 'n huis besit, is u moontlik wel deeglik bewus van die "subprima verbandkrisis" wat die finansiële industrie die afgelope maande geskud het.

**Die Groot Droogte** 19
Is Australië se "droogte van die eeu" besig om skiet te gee? Wat hou die toekoms in vir die verdorde kontinent "doer onder"?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Die Waarheid wat omtrent niemand van kennis dra nie

Deur Roderick C. Meredith

***Elkeen wil graag weet wat na die dood gebeur. Predikers bied baie verskillende teorieë aan aangaande die lot van ongeredde kinders asook van diegene wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie. Die waarheid betreffende hierdie saak is egter in die bladsye van die Bybel – waar baie min blykbaar daarna soek!***
***Wat gebeur met almal wat "ongered" sterf? Is die duisende miljoene Moslems, Hindoes en ander nie-Christene vir ewig verlore?***

Die meeste van ons het vriende of familie wat gesterf het sonder dat hulle in enige vorm van Christelikheid geglo het. Waar is hulle nou? Wat sal hulle uiteindelike lotsbestemming wees?

Eerlikwaar, hoofstroom Christelikheid beskik nie oor die antwoorde nie!

Die meeste predikante skep die indruk dat God nou "probeer" om almal te "red". Hy word amper uitgebeeld as 'n hartseer jaghond wat probeer om die duisend miljoene mense wat in geen vorm van Christelikheid glo nie, op te spoor en te "red". Die meeste outydse kerke wat hulself beskryf as "Bybel-gelowiges," verkondig hierdie idee al vir eeue. Die moderne "liberale" kerke wat nie die Bybel letterlik opneem nie, systap hierdie probleem deur te sê dat God al daardie mense sal red, wie se "harte reg is", of wat hul geloof (wat dit ook al mag wees) met"opregtheid" beoefen.

*Sal Hy egter werklik doen wat hulle verwag?*

Indien u die wesenlike antwoord verlang oor wat sal gebeur, behoort u te glo wat die Bybel – die geïnspireerde openbaring van die Skepper God – in werklikheid sê. Indien u natuurlik nie die Bybel glo nie, dan is een persoon se "idee" of "teorie" net so goed as iemand anders s'n. Is u egter bereid om u verstand te open en te glo wat die Bybel werklik verkondig?

**Waar gaan die afgestorwenes heen?**

Die oudmodiese predikante vertel aan mense dat hulle by afsterwe onmiddellik óf na die hemel, óf na die hel gaan. Die Bybel verkondig egter gladnie so iets nie! Jesus Christus sê: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die **aarde** beërwe" (Mattheüs 5:5). Jesus sê verder: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13).

Die Bybel maak dit ook baie duidelik dat ware Christene wat gesterf het, nou die *opstanding* uit *die dood* afwag met Christus se Wederkoms. 1 Korinthiërs 15 word die "opstandingshoofstuk" genoem omdat dit hierdie beginsel deeglik beskryf! Lees 1 Korinthiërs 15:21-23: "Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms".

Jesus sê ook pertinent: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ***dode*** die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe. Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die

lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die ***opstanding*** van die veroordeling" (Johannes 5:25, 28-29).

Die bogemelde Skrifgedeeltes behoort dit baie duidelik te maak dat die "afgestorwenes" in werklikheid ***dood*** is **–** nie in die hemel rondsweef of in die hel brand nie! Selfs dat die afgestorwenes "wat goed gedoen het" nou die "opstanding van die lewe" afwag (vers 29). Enige ander verduideliking weerspreek direk letterlik dosyne ander eenvoudige, duidelike Skrifgedeeltes. Jesus sê dat: "... die Skrif nie gebreek kan word nie" (Johannes 10:35).

Wat dan van die ***duisende miljoene*** mense wat na God se gelykenis geskape is, maar wat nooit werklik 'n ware geleentheid gehad het om van die Christus van die Bybel te hoor en om Hom as hul Redder aan te neem nie? Handhaaf God dan dubbele standaarde? Het Hy dan enige "ander weg" waarvolgens die ewige lewe verkry kan word? Is dit eenvoudig "neusie verby" vir daardie duisende miljoene mense bedeel deur 'n hardvogtige God wat Sy "gunstelinge" het aan wie Hy 'n "kans" gee, terwyl al die ander absoluut geen geleentheid gegun word nie?

Die antwoord is verseker nie wat u in die hoofstroom "Christelikheid" geleer het nie. Nogtans is dit wonderlik en betekenisvol vir diegene wat verstaan. Dit word nie in 'n nie-Bybelse boek gevind of in teorieë wat opgedis word deur sommige selfgemaakte profete nie. Dit was nog altyd net daar in u eie Bybel. Dit is die waarheid wat omtrent niemand van kennis dra nie!

**God probeer NIE om die wêreld nou te red nie!**

U Bybel maak dit baie duidelik dat hierdie ***nie*** God se wêreld is nie. Hierdie is ***nie*** die stelsel of samelewing wat deur die Skepper God gevestig is nie. God het eerder aan die mens 6 000 jaar gegee **–** onder die heerskappy van Satan **–** om sy eie gang te gaan, om sy eie idees uit te toets en om harde lesse deur menslik lyding te leer. Die apostel Paulus skryf: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4).

Later is die apostel Johannes geïnspireer om te skryf: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9). Was Johannes reg? Is die "hele wêreld" werklik **mislei**? Dit is duidelik dat 'n persoon wat regtig "mislei" is, nie weet dat hy mislei is nie. Anders sou hy mos nie mislei wees nie!

Onthou Jesus se stelling aan Sy dissipels: "Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die **owerste** van hierdie wêreld kom en het aan My **niks** nie" (Johannes 14:30). En soos die apostel Johannes aan die ware Christene van sy dag geskryf het: "Ons weet dat ons uit God is en die **hele wêreld** in *die mag van* die Bose lê" (1 Johannes 5:19).

Dus, as die hele wêreld "verblind" is, soos Paulus skryf en as die hele wêreld "mislei" is soos die apostel Johannes skryf, dan verduidelik dit sekerlik waarom **duisende miljoene** mense nog nooit die ware Evangelie gehoor het nie! Maar, gaan 'n regverdige en billike God hulle in hul grafte laat bly of hulle verbrand in 'n ewig-brandende vuur?

Natuurlik nie!

Verstaan asseblief dat dit slegs 'n geval is van ***wanneer*** God verkies om elke individu te "roep" tot die werklike kennis van die Waarheid en 'n ware geleentheid tot redding. Almal sal uiteindelik geroep word. Let op toe sommige van die heidene heel in die begin geroep is, sê die apostel Petrus: "Ek sien waarlik dat God **geen aannemer van die persoon** is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is" (Handelinge 10:34-35). Paulus stel dit ook so: "Want daar is **geen aanneming van die persoon** by God nie" (Romeine 2:11).

Dit is die rede waarom Jesus slegs in gelykenisse tot almal gespreek het, behalwe met Sy binnekring dissipels: "En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer

en die sondes hulle vergewe word nie" (Markus 4:11-12). Hierdie waarheid van die Bybel is presies die teenoorgestelde van wat die meeste van ons in Sondagskool of kerk geleer is – naamlik dat Jesus in gelykenisse gepraat het "sodat elkeen kon verstaan". **Presies die teenoorgestelde** is egter waar! Jesus het in gelykenisse gepraat sodat die algemene publiek nie sou kon verstaan nie! Jesus het nie die wêreld gedurende daardie tyd probeer bekeer nie.

Ons sien dus dat God nie "probeer" om die wêreld nou – in hierdie tydvak – te bekeer nie. Andersins sou Hy dit gedoen het! Een van God se name is tog *El Shaddai* – **God Almagtig**. So **niks** kan die ware God keer om die wêreld nou te bekeer nie – indien dit Sy werklike bedoeling was!

**Wat God NOU besig is om te volbring**

Die apostel Petrus was geïnspireer om aan ons te vertel: "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (2 Petrus 3:8-9).

*Kan u dit insien?*

God is "nie haastig" terwyl Hy Sy grootse doel hier uitwerk nie! God wil hê dat "almal" tot **bekering** moet kom, maar in Sy eie tyd **– nie** ons tyd nie. Hy dui aan dat Sy plan volbring sal word oor duisende jare! Onthou tog dat God nie besig is om die hele wêreld nou te red nie. Hy veroordeel egter nie diegene wat **mislei** is deur Satan, die "god van hierdie wêreld", nie want die Skepper God het hom toegelaat om tydens hierdie tydvak hierdie wêreld te beïnvloed en om daaroor te heers.

Onthou hoe God die bose stede van Sodom en Gomorra "veroordeel" het deur dit "tot as te verbrand" en "as 'n **voorbeeld** gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees" (2 Petrus 2:6). Wanneer u egter verstaan sal u gou besef dat daardie verdorwe mense **verblind** was vir die Waarheid en nie die ware God geken het nie. Hoe sal God dus uiteindelik met daardie verblinde mense handel wat **nooit** 'n werklike geleentheid gehad het om gered te word nie?

In Mattheüs 11 beskryf Jesus die stede wat in Sy dag geweier het om die Waarheid aan te hoor: "Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle" (verse 21-22). Jesus maak dan 'n merkwaardige stelling: "Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag as vir jou" (vers 24). Daar kom dus 'n "oordeelsdag" waarin dit "verdraagliker" sal wees vir Sodom en Gomorra as vir die stede in Jesus se tyd. Jesus het hier duidelik erken dat daardie antieke stede nooit die waarheid gegee was nie. Hulle het glad ***geen kans*** gehad nie!

God het die apostel Paulus geïnspireer om aangaande die heidene in Efese te skryf: "Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, ***sonder hoop*** en ***sonder God*** in die wêreld" (Efesiërs 2:11-12). Dit is die absolute waarheid dat God gedurende die afgelope 6 000 jaar die meeste mense "toegelaat" het om hul eie gang te gaan, onder die invloed van Satan. Die Almagtige God het **nie eens probeer** om hulle te "red" nie, andersins sou hulle gered gewees het! Hy beplan egter 'n "dag van oordeel" – nie 'n "dag van veroordeling" nie – sodat daardie ***duisende miljoene*** mense 'n werklike geleentheid tot redding kan hê en dan "geoordeel" kan word volgens wat hulle doen gedurende daardie tyd wanneer hul oë regtig "geopen" word vir die Waarheid!

Hoe sal hulle gered word? Die Bybel is *baie duidelik* dat die enigste weg na die ewige lewe deur Jesus Christus is! Jesus self stel dit so: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower ... Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, *Ek is die **deur*** van die skape. Almal wat

voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie" (Johannes 10:1, 7-8). Hier **veroordeel** Jesus duidelik enige "ander weg" na die ewige lewe! Slegs God kan aan ons die ewige lewe skenk. Hy stel die voorwaardes – nie misleide mense met sentimentele menings jeens 'n valse Christelikheid, Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam, "*New Age*" teorieë of enige ander idees of teorieë van mense nie!

Die apostel Petrus was geïnspireer om te beklemtoon: "... laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van **Jesus Christus**, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur **Hom** hierdie man gesond voor julle staan. Hy (Christus) is die **steen** wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Handelinge 4:10-12).

**Die wit troon oordeel**

Ons het vroeër gelees dat in die geprofeteerde "dag van oordeel" dit "meer verdraaglik" sal wees vir die Sodomiete as vir die mense van Jesus se dag, wat Hom as persoon verwerp het. Die geïnspireerde evangelie van Lukas voeg besonderhede by die weergawe in Mattheus. In Lukas 10:13-14 sê Jesus Christus: "Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het. Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeel ***verdraagliker*** wees as vir julle".

Die duidelike indikasie is dat aangesien antieke Tirus, Sidon en Sodom ***nooit*** 'n werklike geleentheid gegun was om die Waarheid te leer nie, hulle nie verantwoordelik gehou sal word nie omdat hulle verblind was. In werklikheid sê Jesus dat Hy weet hulle *sou* hul "bekeer het" (vers 13) as hulle Jesus se kragtige dade gesien het.

Aangesien God *nie 'n aannemer van die persoon is nie*, mag u wonder wanneer en hoe die mense van hierdie antieke heidense stede, en die ander **duisende miljoene** soortgelyke verblinde mense 'n werklike geleentheid gegee sal word om God se doel van die lewe te verstaan en redding te verkry? Praat die Bybel ooit van so 'n tyd?

*Ja, dit doen*! Die boek Openbaring gee die opeenvolging van profetiese gebeure meer duidelik aan as enige ander boek in die Bybel. Openbaring 19:11-21 beskryf Christus se glorieryke Wederkoms as Koning van die konings (verse 14-16). Dan, na die vernietiging van die leërs van die toekomstige Europese diktator genaamd "die Dier", gooi Christus hom en die toekomstige vals geestelike leier, in die "vuurpoel" (vers 20).

God beskryf dan 'n magtige engel wat neerdaal na die aarde: "En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word" (Openbaring 20:2-3). Neem kennis dat hierdie verse ook aan ons vertel dat Satan al die nasies van die aarde **verlei** het!

Nadat Satan gebind is, sal die wonderlike duisendjarige heerskappy van Christus op hierdie aarde begin. Waar dit van daardie tyd praat, toon Openbaring 20 die heiliges "het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank" (vers 4). Dan word aan ons gesê: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (vers 6).

Ware Christene wat werklik deur God "geroep" is, *verstaan Sy* ***doel***. Hulle weet dat hulle nou "in opleiding" is om konings en priesters in Christus se toekomstige heerskappy op Aarde te word – dat hulle *selfs oor engele sal heers* (1 Korinthiërs 6:1-3)! Die toekomstige duisendjarige heerskappy van Christus en die heiliges (Daniël 7:26-27) sal 'n wonderlike geleentheid wees om die verwarde menigtes te help en te bemoedig; en om hulle God se ware weëte leer.

Maar wat gebeur dan met die talle **duisende miljoene** "verblinde" mense wat voor die Millennium gesterf het – hulle wat nooit die ware God en Sy plan geken het nie? Verstaan dat dit *etlike miljoene* belydende Christene insluit wat nou leef, wat nog nooit waarlik bekeer het nie. Dit sluit *miljoene* jong mense in wat nie lank genoeg geleef het om te verstaan, hulle werklik te bekeer en te groei in die genade en kennis van God se Waarheid nie. Dit sluit *miljoene* mense in wat dit goed bedoel maar swak is, met al hulle probleme, wat hulself dalk "Christene" genoem het maar wat nooit werklik verstaan en hulle aan God oorgegee het nie.

Na die beskrywing van 'n relatief kort tydjie wat Satan losgelaat is uit sy gevangenskap en hy weereens vinnig 'n menigte volke **verlei** (Openbaring 20:7-10), begin God se Woord ons vertel van die tydperk van die groot wit troon oordeel. Kyk egter net vir 'n oomblik terug na vers 5. Hier, ingevoeg as 'n tussenwerpsel nadat die duisendjarige heerskappy van die heiliges beskryf is, sê God se Woord: "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie".

Die "ander" dode? Ja! Daardie **duisende miljoene** mense van vervloë eeue wat ***nooit*** tot redding "geroep" was nie en, derhalwe ooglopend *geen geleentheid* gehad het om in die eerste opstanding te wees nie.

Kyk na Openbaring 20:11-12: "En ek het 'n **groot wit troon** gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is **geoordeel** na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke".

**'n Tyd van werklike BEGRIP**

Ons vind hier beskrywe wat moontlik die mees **ontsagwekkende** gebeurtenis in die menslike geskiedenis is, 'n tyd wanneer ***alle*** mense – die onbekendes, die beroemdes en die berugtes – werklik tot insig sal kom van waarom hulle gebore is! Hierdie voorheen dooie mense word gesien waar hulle "voor God ... staan" – ooglopend in 'n ***opstanding***. Dan word die "boeke" geopen. Die term "boeke" hier, is vertaal uit die Griekse woord *biblion*, wat dieselfde woord is wat as "Bybel" vertaal word – dit beteken die boeke van die Bybel!

Openbaring 20 beskryf dan die opening van nog 'n boek – die Boek van die Lewe. Wat is die doel van hierdie boek? Paulus verduidelik dat die heiliges se name in die "Boek van die Lewe" geskryf is (Filippense 4:3). Openbaring 21:27 beskryf die Nuwe Jerusalem wat bewoon sal word deur "net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam".

Die geleentheid vir ewige lewe is uiteindelik aangebied aan al daardie menigte mense "groot en klein". Hulle is opgewek tot ***fisiese lewe*** vir moontlik 'n tydperk van honderd jaar – lank genoeg vir 'n deeglike geleentheid vir hulle om te leer, te groei, beproef en getoets te word vir hulle gewilligheid om die ewige lewe volgens God se weë te leef (Jesaja 65:20). Hulle sal dan geroep word en die geleentheid hê om die Bybel te bestudeer en te verstaan. Dan – en slegs dán – sê God sal daardie opgewekte mense "geoordeel [word] na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:12). Uiteindelik, nadat hulle 'n **werklike** geleentheid gegun was om die Waarheid te ken en daarop te reageer, sal daardie mense geoordeel word volgens hoe hulle daarop reageer en die leerstellings in die boeke van die Bybel gehoorsaam. Dit is soos Jakobus geïnspireer was om aan ons te sê: "Die geloof sonder die werke [is] dood" (Jakobus 2:20).

Maak nie 'n fout nie; indien daardie ontelbare duisende miljoene voorheen **verblinde** individue, slegs geoordeel word volgens die werke wat hulle in hul vorige leeftye gedoen het – baie van hulle as diewe, prostitute, seksueel-afwykendes, diktators en vals profete – dan sal hulle verseker almal **vergaan** in die poel van vuur! Want in hul vorige lewens het hulle ***nie*** die enigste naam wat onder die hemel gegee is, waardeur ons gered moet word, aangeneem nie. Hulle het hulle

nie werklik “bekeer” (Handelinge 2:38) van hulle verkeerde weë en hul lewens aan Christus **oorgegee** nie. Hulle het Hom nie toegelaat – deur die Heilig Gees – om in hul lewens te werk, dit te vorm en hulle te help om “... toe [te] neem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” nie (2 Petrus 3:18).

God beoefen nie dubbele standaarde nie! Daardie ontelbare ***duisende miljoene*** individue verdien 'n **werklike** kans – en om geoordeel te word op wat hulle doen nadat hulle bekend was met die Waarheid van God! Nogtans probeer ontelbare teoloë en predikante – wat almal self mislei is – hulle dit voorstel dat God op een of ander manier baie van ons onboetvaardige vriende en familielede, en menigtes van vervloë dae, sal red selfs al het hulle nooit tot 'n werklike berou tot bekering gekom en hul lewens werklik aan die lewende Christus oorgegee nie. Hierdie teoloë kon nie meer verkeerd gewees het nie!

Mag God u egter help om die waarheid te verstaan aangaande die “ongeredde” duisende miljoene mense wat nooit 'n werklike geleentheid gehad het om Jesus Christus aan te neem nie, en aangaande al die bykomende duisende miljoene mense van beide die hede en verlede wat slegs van 'n vals Christus geweet het (2 Korinthiërs 11:4), en dus nooit werklik tot oorgawe gekom het om die Christus van die Bybel in hul lewens te laat heers nie!

Die waarheid is dat God nie nou die meerderheid mense “roep” tot ware begrip en redding nie. Tensy hulle willens en wetens en met opset God verwerp (Hebreërs 10:26-27), *sal* hulle 'n geleentheid gegee word om te verstaan – om werklik berou te hê oor hulle sondes en om waarlik “bekeerd” te raak – in die groot wit troon oordeel.

In Sy woord sê die Ewige God aan ons: “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:8-9). God werk dikwels Sy planne uit op wyses wat ons mense dit nooit sou doen nie. Soos ons gesien het maak die Bybel dit baie duidelik dat God nie nou desperaat probeer om alle mense gedurende hierdie tyd te “red” nie. Inteendeel – na Christus se duisendjarige heerskappy op aarde tydens die Millennium – sal 'n **wonderlike gebeurtenis** plaasvind, wanneer almal wat nog ooit geleef en gesterf het sonder insig van God se doel en die werklike Waarheid, opgewek word en 'n **ware** geleentheid gegun word om hul lewens aan Christus oor te gee en dus te kwalifiseer om volle seuns van God en lede van Sy ewige Koninkryk te word. Dit is regtig goeie nuus vir almal van ons wat geliefdes het wat geleef en gesterf het sonder om ooit God en Sy *verhewe doel* waarlik te verstaan. WvM


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# Armageddon en Daarna

***Deur* Richard F. Ames**

Verlede maand 'n honderd jaar gelede – op 30 Junie 1908 – het die geheimsinnige "Tunguska ontploffing" bome ontwortel oor 'n 830 vierkante myl gebied in sentraal Rusland. Wetenskaplikes beraam dat die Tunguska ontploffing 'n energielading vrygestel het wat 'n duisend maal meer kragtiger was as dié van die kernontploffing wat Hirosjima, Japan, in Augustus 1945 verwoes het.

Die meeste wetenskaplikes glo dat die Tunguska voorval veroorsaak was deur 'n ontploffende meteoor wat uit die ruimte geval het. 'n Paar het bespiegel dat dit 'n asteroïde of 'n komeet was wat met die aarde gebots het. Ander fisici het weer gespekuleer dat dit veroorsaak kon wees deur 'n "swart gat" of 'n deeltjie van kosmiese anti-materie wat met ons planeet gebots het.

Kort na die Tunguska ontploffing het 'n paar Russiese boere gereken dat dit Armageddon inlui, hulle het verwag dat die einde van die wêreld spoedig sou volg. Hulle was natuurlik verkeerd. Die Skrif praat egter wel van 'n tyd wanneer meteore uit die lug sal val en verwoesting oor die planeet aarde sal saai. Wat sê u Bybel werklik oor "Armageddon" – en wat volg daarna?

Die mensdom het nie nodig om na die ruimte te kyk vir verwoesting nie – die aarde het 'n lang rekord van sy eie. Daar was meer as 250 groot oorloë sedert die Tweede Wêreldoorlog en drie keer soveel mense het in die laaste 90 jaar in oorloë gesterf as in die vorige 500 jaar gesamentlik!

Die 20ste eeu het die teregstelling van soveel as 50 miljoen mense onder die Kommunistiese bewind van Mao Zedong gesien. Tussen 1958 tot 1961 word beraam dat meer as 30 miljoen mense gesterf het in Mao se "Groot Sprong Vorentoe". Meer as 20 miljoen mense is onder Josef Stalin se bewind in Sowjet Rusland gedood. Sedert 1983 is meer as 2 miljoen van die Dinka, Nuba en Neur volke in die Soedan sistematies uitgemoor terwyl meer miljoene ontwortel is. Daar word beraam dat 3 miljoen mense in die agtjarige burgeroorlog in die Demokratiese Republiek van die Kongo omgekom het.

Op hede woed daar minstens 20 groot siviele oorloë of gewapende konflikte oor die wêreld. Die Sunni en Shiite Moslems van Irak gaan voort om mekaar uit te roei en die Amerikaans-geleide koaliese magte het duisende ongevalle gely. Verskeie lande werk hard om by die "kernklub" aan te sluit – om oor kernwapens te beskik – selfs terwyl Amerika en Rusland voortgaan om 'n voorraad van meer as 30 000 kernplofkoppe tussen die twee van hulle te handhaaf.

Regdeur die wêreld se geskiedenis het nasies, bondgenootskappe en ryke teen mekaar geveg. Die mensdom het oorlogvoering as 'n lewenswyse beoefen! Het ons al ooit dekades of eeue van wêreldvrede beleef? Wat is ons geskiedkundige rekord? Historici Will en Ariel Durant het hierdie vraag nagevors en tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Oor die laaste 3 421 jaar van aangetekende geskiedenis, was slegs 268 sonder oorlog" (*The Lessons of History*, bl. 81).

Omdat ons die menslike natuur ken, kan ons seker wees dat daar meer oorloë in die toekoms sal wees. Jesus Christus het dit Self bevestig. Toe Sy dissipels aan Hom gevra het wat die teken van Sy Wederkoms en die einde van hierdie tydperk sal wees, het Hy gesê: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik

word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte" (Mattheus 24:4-8).

Jesus waarsku oor 'n oorlogsbrand wat die hele wêreld sal omsluit. "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheus 24:21-22).

Indien God nie ingryp nie, sal daardie tyd in totale vernietiging eindig. Is dit moontlik dat die mensdom hulself heeltemal kan uitwis deur oorlog? Voor die kerntydperk, sou baie mense "nee" gesê het. Nou kan ons egter beter as ooit tevore die potensiële gevolge van die mensdom se ontsaglike oorlogvoerende mag besef. Die atoombom wat op 6 Augustus 1945 op Hirosjima, Japan, geval het, het byna 4080kg geweeg. Deesdae kan 'n "briewetas-kernbom" wat minder as 136kg weeg nog groter verwoesting saai oor 'n groot stad.

Sal die mens "Armageddon" teweegbring? Sal die wêreld se militêre magte dalk hul wapens neerlê en vrede vind? Die Bybel voorsien die besonderhede – en dit is nodig dat ons weet wat dit aan ons vertel!

**Wat is "Armageddon"?**

Presies wat ***is*** Armageddon? Die woord Armageddon is 'n transkripsie van die oorspronklike Hebreeuse woorde *har megiddo,* wat die "heuwel van Megiddo" of die "berg van Megiddo" beteken.

Megiddo is omtrent 88 km noord van Jerusalem in Israel geleë. In antieke tye het Megiddo die belangrikste handelsroete tussen Egipte en Damaskus bewaak. Megiddo kyk uit oor die grootste vlakte in Israel, wat in die Bybel die laagte van Jisreël genoem word. In die Ou Testament word melding gemaak van verskeie groot veldslae wat hier plaasgevind het. In onlangse geskiedenis, slegs 90 jaar gelede – in September 1918 – het die Britse generaal Edmund Allenby die leërs van die Ottomaanse Ryk verslaan in wat bekend geword het as die Eerste Wêreldoorlog se "Veldslag van Megiddo".

Dit is belangrik om te onthou dat die groot veldslag wat in die Skrif voorspel word, nie ***by*** Armageddon sal plaasvind nie. Openbaring 16 gee die werklike volgorde van gebeure. Armageddon is die *versamelplek* waar die wêreldmagte sal byeenkom voor daardie groot, finale veldslag (Openbaring 16:16). U Bybel noem daardie groot, finale veldslag nie die Slag van Armageddon nie, maar noem dit eerder "die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God" (vers 14).

Sal die wêreld se weermagte ons planeet werklik blootstel aan die gevaar van kosmiese kernvernietiging? Baie van u wat hier lees mag onthou dat ons, nie so lank gelede nie, in ontsettende gevaar verkeer *het*. In 1962 het Amerika en Rusland tydens die Kubaanse Projektielkrisis kernrisiko-neming op mekaar toegepas. In 1973 het President Nixon die Amerikaanse weermag op kerngereedheid geplaas toe die Sowjet Unie gedreig het om in te gryp in die Midde-Oosterse oorlog tussen Israel en sy Arabiese bure. Kan dit weer gebeur? Die Skrif sê: "Ja!"

Waar pas hierdie groot veldslag in die algehele panorama van Bybelse profesieë in? Die sesde hoofstuk van Openbaring gee die profetiese hooftrekke. Hier beskryf die apostel Johannes sy visioen van die beroemde vier perderuiters van die Apokalips. Die perderuiters simboliseer vals christusse en vals godsdiens, oorloë en die vernietigende uitwerking daarvan, hongersnode wat normaalweg op oorloë volg, en dan pessiektes en siekte-epidemies wat weer op hongersnood volg. Johannes skryf: "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle [die vier ruiters] is mag gegee oor die ***vierde deel van die aarde*** om dood te maak met swaard en hongersnood en

pes en deur die wilde diere van die aarde" (Openbaring 6:8).

Selfs die massa slagtings wat ons sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog gesien het, sal vervaag in vergelyking met die dood wat die aarde sal versluier in hierdie geprofeteerde tyd. Miljarde mense sal omkom na gelang oorlog, honger en siektes die aarde verswelg.

**Die vyfde seël**

Na die vier perderuiters, wat die eerste vier seëls verteenwoordig, volg die vyfde seël, wat die martelaarskap van Christene aandui tydens 'n twee-en-'n-halwe jaar periode van verdrukking (Openbaring 6:9-11). Na dít sien ons die sesde seël, ook bekend as die hemelse tekens. "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit" (Openbaring 6:12-14).

Meteore wat strepe maak na die aarde sal vrees en skok vir die mense rondom die aarde meebring, en sal veroorsaak dat die Tunguska voorval in vergelyking onbelangrik voorkom. Ontsaglike aardbewings sal ook die aarde skud. Hierdie tekens lei die Dag van die Here in – die tyd van God se gramskap en oordeel oor ons ondankbare, rebelse wêreld.

Oordeel? Ja, Jesus Christus, die Lam, sal **toornig** wees! Hy sal God se regverdige oordele fel. Die Dag van die Here word "die groot dag van sy toorn" genoem! (Openbaring 6:17).

Hierna sal die sewende seël geopen word, bestaande uit sewe basuin-oordele of plae, wat gelewer word tydens die jaarlange Dag van die Here. "En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee" (Openbaring 8:1-2). Die basuine sal waarskuwings blaas aan die sondige mensdom! Die sewende basuin sal bestaan uit die "sewe laaste plae", beskryf in Openbaring 15:1.

Die vyfde, sesde en sewende basuinplae word weë genoem. Die woord "wee" is 'n uitroep van smart. "En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!" (Openbaring 8:13).

Openbaring 9 beskryf die eerste wee – die vyfde basuinplaag. Die vyfde engel blaas 'n basuin wat 'n militêre aksie ontketen wat vyf maande lank duur. Dan volg die tweede wee – die sesde basuinplaag – 'n intense militêre teenaanval wat uitgebeeld word deur simbole van perde en ruiters.

Ons lees: "Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë. En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat" (Openbaring 9:12-14).

Tydens hierdie tydstip in die profesie sal 'n weermag van 200 miljoen soldate weswaarts oor die Eufraatrivier beweeg om 'n derde deel van die aarde se bevolking te vernietig. "Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie *plae* is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het" (Openbaring 9:15-18).

Kan u u dit indink? Hier word wêreldoorlog op 'n ongeëwenaarde skaal beskryf. Hierdie fase van die Derde Wêreldoorlog sal die dood van miljarde mense sien. Soos Jesus ons gewaarsku het, tensy

daardie dae verkort was, sou geen vlees gered word nie – alle lewe op aarde sou vernietig word.

**Die sewende basuin**

Na dit alles, sal die sewende basuin geblaas word. Vir Christene is die blaas van die sewende basuin goeie nuus – want dit sal Jesus Christus se Wederkoms en die vestiging van God se Koninkryk op aarde aankondig. Ons lees: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Hierdie sal 'n vreugdevolle tyd vir Christene wees. Hoe sal die wêreld egter daarop reageer? Die Skrif sê aan ons: "En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom" (vers 18).

Die leërs van die woedende konings van die ooste sal weswaarts beweeg oor die Eufraatrivier. Die wêreld se leërs sal mekaar ontmoet te Megiddo, wat uitkyk oor die laagte van Jisreël. Die Bybel beskryf hierdie samekoms as die sesde van die laaste sewe plae. "En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (Openbaring 16:12-14). Dan: "En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon" (vers 16).

Gevalle engele – Satan se demone – sal maak dat die opponerende magte sal saamsmelt om teen Christus te veg met Sy Wederkoms. Nadat hulle by Megiddo saamgekom het, sal hulle suidwaarts beweeg na Jerusalem om teen Christus te veg. Neem kennis: "Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou" (Joël 3:1-2).

Wat die Bybel die dal van Jósafat noem, tussen die Olyfberg en die stad Jerusalem, word deesdae die Kidronvallei genoem; dit strek nogal 'n ver ent suidwaarts. Dit is hier, nie te "Armageddon" nie, waar die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God sal plaasvind. *Jósafat* beteken in Hebreeus "oordeel van die Ewige". Tydens hierdie klimaktiese veldslag sal God die nasies oordeel.

God sal die Europese supermoondheid, genaamd die "Dier" in die boek Openbaring, saam met hulle oordeel en straf. Die leërs van hierdie hovaardige supermoondheid sal waarlik probeer om teen Christus met Sy Wederkoms te veg! "En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees" (Openbaring 19:19-21).

Ja, God sal daardie rebelse nasies wat verkies om teen die Vredevors met Sy wederkoms te veg, verslaan! Soos die apostel Paulus skryf: "... die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (Romeine 3:17-18).

**Die mensdom se oorlogsugtige geaardheid**

Wanneer die mensdom hul tot oorlog wend en faal om God te vrees, wat gebeur dan? Op 2 September 1945, reg aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog, het die Amerikaanse Weermag se Generaal Douglas MacArthur, aan boord van die oorlogskip Missouri, die historiese les van oorlog opgesom: "Militêre alliansies, mags-ewewigte, volkebonde, het elkeen op sy beurt gefaal, wat as die enigste moontlike pad vorentoe die

smeltkroes van oorlog laat. Die volslae vernielsugtigheid van oorlog blokkeer nou hierdie alternatiewe uitweg. Ons het ons laaste kans gehad. Indien ons nie 'n beter en meer regverdige stelsel kan ontwikkel nie, dan is ons Armageddon voor ons deur. Die probleem is basies teologies van aard en behels 'n geestelike oplewing en verbetering van die menslike karakter wat met ons bykans ongelooflike vooruitgang in wetenskap, kuns, literatuur en alle materiële en kulturele ontwikkeling van die laaste twee duisend jaar, kan sinkroniseer. Dit moet uit die gees kom as ons die vlees wil red".

Die menslike geaardheid het nie verander sedert MacArthur hierdie woorde geuiter het nie. Nasies het nog nie hul lesse geleer nie. Soos Generaal Robert E. Lee so treffend tydens die Amerikaanse Burgeroorlog opgemerk het: "Dit is goed dat oorlog so verskriklik is – anders sou ons te lief daarvoor geword het". Hoe jammer tog die nasies van die aarde hou aan om so lief vir oorlog te word dat die mensdom eersdaags totale uitwissing in die gesig sal staar – dood van alle lewe op aarde – tensy God Almagtig ingryp om ons te red. Hy sal.

Intussen gaan nasies maar voort om wapens van massa vernietiging te ontwerp. Soos Generaal MacArthur voorspel het, Armageddon sal eersdaags voor ons deur wees.

**Ná Armageddon!**

Ons nasies behoort hulle te bekeer van hul goddelose en immorele lewenswyses. Selfs al is dit te laat vir u nasie, kan ***u*** steeds persoonlik berou tot bekering hê. God kan u beskerm tydens die gevaarlike tye wat voorlê. Jesus het Sy volgelinge vermaan: "Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). Bid u dat God se Koninkryk moet kom? Bid u vir die Wederkoms van Jesus Christus – die Koning van die konings – na hierdie aarde?

Christus se Wederkoms sal 'n duisend jaar van vrede en voorspoed vir die hele wêreld inlei. Christus sál weer kom as Koning van die konings en Here van die here (Openbaring 19:16). Die millenniale profesieë in u Bybel onthul 'n toekomstige wêreld met hernude lewe, volhoubare landbou en vrede tussen die nasies soos hulle almal na die tempel in Jerusalem kom om die Koning te aanbid. Die nasies sal hulle swaarde omskep in ploegskare. "En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:4).

Watter wonderlike nuus is dit! Ná Armageddon lê die Koninkryk van God en blywende wêreldvrede. Dank God vir dié uiteindelike toekoms wat Hy vir u en vir my beplan het. Ons behoort elkeen nou, in ons eie lewens, te beplan vir daardie toekoms. Maak seker dat u daagliks bid en u Bybel lees. Maak seker dat u Christus vra om u te help om Sy voorskrifte te leer en daarvolgens te leef. Indien u dit doen, sal u uself goed voorberei vir Armageddon – en daarna! WvM


# Die Midde-Ooste in Profesie

*Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!*

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

# Onder die punt van die ysberg

*Deur* **Dexter B. Wakefield**

Indien u 'n huis besit, is u moontlik wel deeglik bewus van die "subprima verbandkrisis" wat die finansiële industrie die afgelope maande geskud het. Tallose leners wat byvoorbeeld 'n verstelbare koers vir hulle huisverbande gekies het, sien nou hul premies styg – dikwels tot vlakke bo hul vermoëns wat lei tot finansiële ondergang en gewoonlik die oproeping van die verband van die gesinswoning.

Indien u nie 'n huiseienaar is nie of nie 'n verband met 'n veranderlike koers het nie, mag u dink dat u nie deur hierdie probleme geraak is nie. Indien dít is wat u dink, is u verkeerd! Die subprima verbandkrisis het ingewikkelde gevolge regdeur die ekonomie en is eintlik die simptoom van 'n baie ernstiger probleem wat 'n baie groter waagstuk vir die ekonomiese stelsel van Amerika – en die hele wêreld verteenwoordig!

Huisverband-smarte is werklik en hulle is ernstig, maar hulle is slegs die spreekwoordelike "puntjie van die ysberg". Dit is wat onder die sigbare ysberg skuil wat 'n baie groter risiko inhou.

**Onbeperkte rykdom?**

Nie so lank gelede nie, het miljoene gretige huiskopers regoor Amerika geglo dat die huismark 'n bron van onbeperkte rykdom is. Die huis wat u vandag koop, sal môre 'n kontantmasjien wees waarvan u effekte kan verkry namate die prys styg en toeneem.

Waarom het huispryse bly styg? Die Amerikaanse Federale Reserwe het die ekonomie in die begin jare van hierdie dekade gesteun deur die geldvoorraad te vermeerder. 'n Groot deel van hierdie vermeerdering is geabsorbeer deur die vaste eiendomsmark en het veroorsaak dat huiseienaarskap meer aanloklik geword het. Die gevolg is dat die groter aanvraag na huise die pryse laat styg het. Uitleners het dit as vanselfsprekend aanvaar dat die pryse sou bly styg en as gevolg daarvan kon hulle geld uitleen aan mense met baie min ekwiteite (geld van hul eie om in die huise te belê), of met 'n swak kredietgeskiedenis. Die veronderstelling was dat selfs as 'n verbandhouer sou wanbetaal, die uitlener se belegging nog steeds beskerm sou wees deur die verhoogde waarde van die vaste eiendom.

'n Verband was beskou as "subprima" wanneer dit toegestaan was aan 'n lener met 'n swak kredietgeskiedenis of indien dit nie goed gedek word deur die onderliggende waarde van die vaste eiendom nie. Daar is slegs soveel leners met veilige, hoogs-besoldigde betrekkings wat 'n 20% deposito op 'n huis kan betaal, en wat 'n lening soek van nie meer as twee of driemaal hul jaarlikse huishoudelike inkomste nie. Hierdie "prima" lenings het 'n kleiner en kleiner deel van die mark uitgemaak toe die "huis-bloeitydperk" ontstaan het. Uitleners het gereken hulle kan wegkom met lenings toestaan aan mense wat moontlik net 3% (of minder) van 'n huis se waarde as deposito kon betaal en wat 'n lening wou aangaan wat vyf- of seskeer hulle jaarlikse huishoudelike inkomste bedra.

Met soveel geld wat gemaak kan word, het verbandmakelaars begin om lenings goed te keur aan mense wat dit duidelik nie kon bekostig nie, in die vertroue dat die vermeerdering in die waarde van die eiendom genoeg sal wees om dit lonend te maak. Selfs al sou die huiseienaar nie die verband kon afbetaal wanneer 'n verstelbare koers lening se premie sou verdubbel of verdrievoudig nie, sal die uitlener nog steeds sy geld kan terugkry deur die verhoogde waarde van die huis.

Met soveel wat berus het op die veronderstelling dat huispryse sal bly styg, sal 'n afswaai in die ekonomie – en dus in die huismark – vanselfsprekend probleme veroorsaak. Indien 'n lening toegestaan was vir 90%, of selfs 97% van die huis se waarde, sal selfs 'n redelik geringe daling in eiendomswaarde, die uitlener "aan die kortste ent laat trek" ten opsigte van die lening – die skuld sal meer wees as die waarde

van die huis. Sodra 'n huis minder werd is as die verband, is daar baie minder aansporing vir die lener om te bly betaal. Voeg daarby die kwelling van 'n verhoogde verbandspremie wanneer 'n veranderlike verbandkoers huidige rentekoerse weerspieël, en dit is 'n resep vir 'n ramp.

Leners met 'n swak kredietgeskiedenis – die einste mense aan wie soveel subprima lenings toegestaan was – is tipies die eerstes wat sal wanbetaal. Kyk na 'n lener wat 'n verband van $300 000 op 'n huis uitneem en slegs $10 000 bydra as deposito en maandeliks $1 500 betaal op 'n aanpasbare koers verband. Indien die waarde van die eiendom slegs met 4% sou daal en die terugbetaling styg na $2 500 per maand, mag baie leners teensinnig wees om te betaal. Voeg nog hierby die somber feit dat in 'n verswakte ekonomie, huiseienaars hul werk mag verloor en dus nie in staat sal wees om te betaal nie, dan kan u sien hoe die aantal opgeroepte huisverbande die hoogte kan inskiet.

Wanneer huiseienaars begin wanbetaal op hul huisverbande, is hulle nie die enigste mense wat daaronder ly nie. Die beleggers wie se geld die verband gefinansier het, mag hul belegging verloor indien die onbetaalde bedrag groter is as die waarde van die huis waarteen die verband uitgeneem is.

"Wie gee om vir die ryk beleggers" mag sommige mense sê. "Die eintlike probleem is die huiseienaar". Wel, in ons moderne ekonomie is baie huiseienaars lede van 'n pensioenfonds of beleggers, wie se inkomste na aftrede mag afhang van gemeenskaplike fondse wat intensief belê is in huisverbande.

Dit is tipies dat, nadat 'n verbandmakelaar 'n huislening gegenereer het, word dit gou verkoop aan 'n ander belegger en dit word dan saamgegooi met ander verbande om finansiële middele te vorm ter waarde van tientalle miljoene dollars of nog meer. Hierdie saamgevoegde verbande word dan gebruik om skuldbewyse of ander finansiële middele te verseker wat dan aan beleggers verkoop word as sekuriteite wat deur verbande gedek is. 'n Huiseienaar ken slegs die naam van die instansie waarheen hy sy verbandafbetaling moet stuur, maar daardie betaling mag uiteindelik deur 'n wye reeks beleggers ontvang word, wat op hul beurt 'n aandeel in daardie verband bekom het. 'n Huisverband mag deel wees van 'n komplekse finansiële instrument wat ontwerp is vir gesofistikeerde beleggers. Daar is selfs gevalle waar beleggers kontraktueel slegs die kontantvloei wat voortspruit uit *laat betalings* op verbande ontvang, in die hoop om munt te slaan uit 'n afswaai in die ekonomie.

Die situasie word nog meer kompleks wanneer sommige beleggers geleende fondse gebruik om in ander mense se verbandlenings te belê. Dit skep die potensiaal vir 'n hele opeenvolging van rampe. Wanneer die kredietwaardigheid van saamgegooide verbande afneem as 'n gevolg van subprima lenings wat wanbetaal word, mag uitleners terugbetaling van hul lenings eis. Met geen geredelike mark vir die nou gedevalueerde saamgevoegde lening nie, waarmee kan die belegger dan terugbetaal word?

Wanneer 'n groot deel van 'n bate se waarde berus op die veronderstelling dat dit 'n gesonde belegging is, kan die waarde daarvan vinnig afneem ten tye van 'n finansiële krisis. Net soos 'n huiseienaar "aan die kortste ent trek" met 'n huisverband, mag genootskapsbeleggers uiteindelik finansiële middele hou wat minder werd is as waarvoor hulle daardie middele kan verkoop. Bates wat nie vinnig verkoop kan word nie, word "illikied" genoem. Wanneer beleggings se waarde daal, kan die gevolglike likwiditeitskrisis selfs groot finansiële instellings laat bankrot speel en kan 'n hele ketting van "opeenvolgende bankrotskappe" veroorsaak waarin die een se bankrotskap 'n ander instelling saamsleep.

In so 'n omgewing is dit geen verrassing dat Wallstraat verlede jaar 'n paar groot verliese en regte paniek gesien het nie. Onthou wat vroeër hierdie jaar gebeur het met die gevestigde Wallstraat firma, *Bear Stearns*, wat noodleniging van die Amerikaanse regering aangevra en verkry het sodat dié se voormalige mededinger, *J.P.Morgan Chase & Co*, gewillig

sou wees om in te tree en die firma te koop om daardeur 'n groot finansiële krisis af te weer. Hoe suksesvol was hierdie ingryping? Soos die *Wall Street Journal* berig: “Terwyl hierdie handeling wys dat die *Fed* aggressief probeer het om te verhoed dat die *Bears* se krisis na die wyer ekonomie versprei, lyk dit of dit nie baie gedoen het om vrese te besleg nie” (“*Fed Races to Rescue Bears Stearns*”, 15 Maart 2008).

Selfs Europa het die angel van hierdie Amerikaanse probleme gevoel. Die grootste bank in Switserland, UBS, het aangekondig dat dit *$38.29 miljard* verlies gely het as gevolg van sy subprima verwante bates. Ander belangrike finansiële instellings wat groot verliese gely het sluit in: *Merrill Lynch* ($25.09 miljard), *Citigroup* ($21.65 miljard), *AIG* ($17.20 miljard), *Morgan Stanley* ($13.12 miljard), *Deutsche Bank* ($7.35 miljard) en *Royal Bank of Scotland* ($6.00 miljard). Dit is duidelik dat die subprima verband-ineenstorting 'n geweldige skok vir die wêreld se bankinstellings meegebring het.

**Die res van die ysberg**

Baie van die media se aandag was toegespits op subprima verbande. Dit lyk of baie min mense besef dat 'n soortgelyke verskynsel in aantog is oor 'n baie groter arena – die groot besigheidslening-portefeuljes wat deur handelsbanke gehou word, groot sowel as klein. Hierdie banke se kernbesigheid is om lenings beskikbaar te stel aan ander besighede – vir toerusting, inventarisse, bates, kredietfasiliteite en baie ander behoeftes. Lenings in hierdie sektor wissel van tienduisende dollars tot honderde miljoene of selfs miljarde dollars.

Dieselfde maklike geld wat gelei het tot soveel subprima verbandlenings, het ook veroorsaak dat bankdeposito's verhoog het. Namate banke meer geld op hande het, ervaar hulle groter druk om meer lenings aan besighede toe te staan. Net soos in die huisverband-industrie, het die handelsbankiers gevoel hulle behoort meer en meer riskante lenings toe te staan, ten einde mededingend te bly. Namate die volume van die lenings vermeerder, word die banke se leningsportefeuljes meer riskant. Wanneer 'n lener wanbetaal ten opsigte van 'n kommersiële lening, moet die bank vir die verlies vergoed uit sy eie kapitaal – wat gewoonlik 5% van sy totale bates is. Alhoewel dit van banke verwag word om reserwes te dra om vir verliese te vergoed, kan 'n vinnige styging in wanbetalings, baie gou 'n bank se reserwes en kapitaal insluk.

Die volume van die Amerikaanse banke se besigheidslenings verdwerg die volume van die subprima huislenings – en plaas hierdie noodsaaklike sektor van die ekonomie in ernstige gevaar van 'n ineenstorting wat baie groter is as wat alreeds gesien is in die subprima verband-industrie. Die Verenigde State se Federale Reserwe het die ekonomie oorvloei met likwiditeit in 'n poging om die probleem die hoof te bied, maar baie waarnemers wonder of hierdie die regte medisyne is vir 'n wankelrige besigheidsekonomie. Soos die Amerikaanse ekonomie versleg, sal 'n onbekende volume “subprima” besigheidslenings ook wanbetaal word en dit sal dan óf herstruktureer óf terugbetaal moet word. Terugbetaal word met wat?

Hierdie groot blootstelling aan risiko's in die handelsbankwese veroorsaak paniek onder baie bankiers, reguleerders en finansiële ontleders. Niemand besef die volle omvang van hierdie risiko nie, maar indien genoeg besigheidslenings begin om wanbetaal te word tydens 'n resessie, kan dit 'n hoogs gevreesde stortvloed van bankrotskappe onder interafhanklike finansiële instellings veroorsaak. Analiste is alreeds besig om te voorspel hoeveel banke in verskillende streke van die Verenigde State bankrot kan speel – en die aantal geprojekteerde bankrotskappe word al groter. Banke kan finansieel geknou word selfs as lenings nie wanbetaal word nie; wanneer bestaande lenings as meer riskant as voorheen geag word, mag banke gedwing word om lenings drasties in te kort.

Analiste is besig om die risiko's wat banke loop, te probeer peil – om die grote van die ysberg wat onder die sigbare oppervlakte in die bankwese van die Amerikaanse ekonomie skuil, te probeer bepaal.

*Moody's Investers Service* skat dat in 2008, die korporatiewe wanbetalingskoers vyfvoudig sal groei, selfs meer as 2007 se reeds rekord laagtepunte – 'n verhoging van 5.3%, teenoor minder as 1% in 2007. *Moody's* skat ook dat rofweg $48 miljard hoogs riskante "spekulatiewe graad" korporatiewe banklenings in 2010 opeisbaar sal wees, met die meerderheid in 2009 of die jaar daarna.

Die totale volume van alle besigheidslenings van die banke wat in die volgende paar jaar opeisbaar sal word, is baie groter as die $48 miljard wat *Moody* aangee as spekulatiewe graad lenings. 'n Resessie kan selfs hoë kwaliteit besigheidslenings omskep in spekulatiewe graad lenings.

**Tekens vanuit die Aandelemark**

Deur na die aandelemark te kyk kan ons 'n mate van insig verkry van hoe beleggers die nasie se banke bejeën. Deur te bepaal wat hulle bereid is om vir 'n aandeel te betaal, maak beleggers eintlik voorspellings met inagneming van veranderings in profyte, verliese en bates van openbare verhandelbare korporasies. Wanneer 'n bank se aandeleprys daal, kan dit die beleggers se opinie reflekteer van die bank se onderliggende sekuriteit, waarvan 'n beduidende deel bepaal word deur die risiko's van die bank se lenings.

Wat sê die aandelebeurs aan ons oor verskeie groot nasionale- en streekbanke? Aandele in *Wachovia Bank*, een van die nasie se grootste en mees suksesvolste banke, was in April 2006 verhandel teen $59.85 per aandeel. In Maart 2008 het die prys geval na minder as die helfte daarvan, en verhandel onder $26 per aandeel. Wachovia se verdienste per aandeel het gedaal van $4.61 per aandeel in 2006, tot byna niks (3 sent per aandeel) in die vierde kwartaal van 2007.

Baie streekbanke vaar nie juis beter nie. *BankAtlantic* is 'n streekbank wat besigheid bedryf in Florida. In Julie 2005 het hul aandele verhandel teen $18.85 per aandeel, maar teen Junie 2008 het dit getuimel tot minder as $1.80 per aandeel. Dit is duidelik dat die kredietkrisis instellings dwarsdeur die Amerikaanse bankwese in 'n riskante posisie plaas.

Onlangse maatreëls deur die Federale Reserwebank toon paniek op die hoogste vlak. Die Federale Diskontokoers oefen 'n groot invloed uit op die Amerikaanse geldvoorraad en korttermyn rentekoerse is geneig om saam daarmee te daal of te styg. Die Federale Reserwe het die rentekoerse gesny van 6.25% 'n jaar gelede, na 2.25% vanaf Junie 2008. Die presidente van die Federale Reserwe gebruik maklike toegang tot geld as 'n geneesmiddel vir die kwynende bankwese, omdat dit een van die baie min middele is wat dit kan aanwend om te probeer help. Daar is egter 'n gesegde: "Wanneer al wat jy het 'n hamer is, lyk elke probleem soos 'n spyker". Party analiste het wyslik opgemerk dat dit die *Fed* se "maklike geld" beleid van 2002-03 is wat in die eerste plek die saad vir die subprima verbandmoles gesaai het.

So ontnugterend as wat dit mag wees, kan die subprima verbandgemors slegs die eerste van 'n reeks groot skokke wees wat die Amerikaanse en Europese bankstelsels gaan raak. 'n Resessie van enige noemenswaardige duur of felheid kan maklik veroorsaak dat kommersiële eiendomslenings versuur, gevolg deur 'n onbekende hoeveelheid besigheidslenings. Die risiko van stelselmatige bankrotskappe – van wanbetalings in een sektor van die ekonomie wat lei tot 'n "vloedgolf" wanbetalings regdeur ander sektore – gee aanleiding tot groot besorgdheid vir baie kundiges.

**'n Unieke perspektief**

Ons kan die ekonomie bestudeer om die onmiddellike oorsake en gevolge van ekonomiese probleme in ons nasies te verstaan. Daar is egter 'n bron wat ons kan raadpleeg om die "geheelbeeld" te verstaan en dit in 'n konteks te plaas wat onbekend is aan die meeste finansiële ontleders. Bybelse profesie voorsien 'n unieke perspektief op wêreldgebeure en openbaar die "toekomstige geskiedenis" van die Amerikaanse ekonomie – sowel as dié van Europa.

Indien ons kan verstaan waarom Amerika so welvarend geword het, dan behoort ons in

staat te wees om te verstaan hoe dit so welvarend kan bly – en wat kan veroorsaak dat dit sy welvaart kan verloor.

Die Verenigde State het verseker talryke natuurlike hulpbronne, maar net so het baie ander nasies. Toe die setlaars vroeg in die 17de eeu in Virginia en Massachusetts aangekom het het hulle nie veel meer as wildernis aangetref nie. Immigrante arriveer egter toe in die kwynende jare van die 19de eeu by New York se Ellis Eiland en hulle het die Standbeeld van Vryheid in die hawe, hoë geboue reg deur die stad, paaie, huise, woonstelblokke, kantore en fabrieke wat werk verskaf daar aangetref. Waar het al hierdie voorspoed vandaan gekom? Die meeste ekonome vandag sal antwoord dat dit gekom het van miljoene ure se harde arbeid, soos die Amerikaners produktief gewerk het om bruikbaarheid en waarde tot hul ekonomie te voeg.

Die Amerikaanse ekonomiese stelsel het inderdaad 'n lewenstandaard en 'n dinamiese ekonomie geskep wat vir lank die naywer van die wêreld was. Die God van Abraham, Isak en Jakob gee egter aan ons die ware verduideliking vir nasionale welvaart – 'n verduideliking wat lank reeds vergeet is deur die meeste mense: "Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie; sodat jy nie miskien eet en versadig word nie en mooi huise bou en bewoon, en jou beeste en jou kleinvee vermeerder en jou silwer en goud vermeerder, ja, alles wat jy het, vermeerder – en jou hart hom dan verhef, dat jy die HERE jou God vergeet wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het; wat jou deur die groot en vreeslike woestyn gelei het, deur giftige slange en skerpioene en 'n dorsland sonder water; wat vir jou water uit die klipharde rots laat kom het; wat jou in die woestyn manna laat eet het, wat jou vaders nie geken het nie, om jou te verootmoedig en jou te beproef, om uiteindelik aan jou goed te doen – en jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe. Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is. Maar as jy nogtans die HERE jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; soos die nasies wat die HERE voor julle vernietig, so sal julle omkom, omdat julle na die stem van die HERE julle God nie geluister het nie" (Deuteronomium 8:11-20).

Ja, God se seëninge is noodsaaklik vir die sukses van die produktiewe proses van enige nasie. Hy gee aan 'n nasie die krag om welvaart te verkry. Nogtans het baie mense in Amerika onbeskroomd die tradisionele waardes verwerp wat eenmaal die nasie se krag voorsien het. God het lank gelede terug gewaarsku: "Die HERE sal jou ryklik seën in die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem; as jy net goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al hierdie gebooie wat ek jou vandag beveel. Want die HERE jou God seën jou soos Hy jou beloof het, sodat *jy aan baie nasies sal uitleen, maar self nie hoef te leen nie*; en jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie" (Deuteronomium 15:4-6).

Die Verenigde State het eenmaal oor die rykdom beskik om 'n uitlener vir ander nasies te wees, maar is nou die wêreld se grootste skuldenaar. God sê egter ook dat Hy 'n nasie se voorspoed, seëninge en vloeke kan omkeer in ooreenstemming met die nasie se gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid: "Kyk, ek hou julle vandag seën en vloek voor – die seën as julle luister na die gebooie van die HERE julle God wat ek julle vandag beveel; en die vloek as julle nie luister na die gebooie van die HERE julle God nie" (Deuteronomium 11:26-28).

Gelukkig kan elkeen van ons individueel van koers verander en voor God berou tot bekering oor ons sondes hê. Het u dit gedoen? Die Amerikaanse staatskip spoed voort sonder om God in ag te neem en die punt van 'n ysberg is in sig. Onder die oppervlakte skuil die res van die ysberg. Sal Amerika van koers verander voor dit te laat is? WvM

# Die Groot Droogte

*Deur* **Rod McNair**

***Is Australië se "droogte van die eeu" besig om skiet te gee? Wat hou die toekoms in vir die verdorde kontinent "doer onder"?***

"*Australië ondervind die ergste droogte in 'n 1 000 jaar*" ... "*Droogte verstewig sy greep op Australië*" ... "*Australië se epiese droogte: Die situasie is bar*" ... Hierdie hoofopskrifte het die wêreld se aandag in 2006 en 2007 aangegryp, namate die Australiërs gesteier het onder die gewig van die ergste droogte op rekord. Genadiglik het die jaar 2008 begin met 'n baie noodsaaklike neerslag. Is die verhoogde reënval 'n teken van meer goeie dinge wat kom? Kon dit slegs 'n kort verposing wees? Is die "Groot Droogte" soos wat die droogte van die laaste ses jaar genoem word, deel van 'n normale klimaatsiklus, of is die weerpatroon in Australië besig om te verander?

"Die Murray-Darling droogte mag permanent wees", was die hoofopskrif van 'n *Sydney News Herald* storie van 9 Mei 2008: "Daar is geen einde in sig vir die droogte nie", waarsku die artikel, en "dit mag volgende jaar nog meer versleg".

Die Murray-Darling Kom beslaan 'n groot deel van oostelike Australië en strek van suidelike Queensland, deur Nieu-Suid-Wallis en Victoria tot in Suid-Australië. Vir die eerste keer in aangetekende geskiedenis het die watervlak van sommige van die mere in die gebied tot onder seevlak gedaal. Selfs na "goeie somerreëns" berig die Nasionale Klimaatsentrum by Australië se Buro vir Meteorologie, dat die reëns "skaars 'n duikie" in die droogte geslaan het.

Australiërs is geensins onbekend met droogtes nie. In werklikheid is Australië die wêreld se droogste bewoonde kontinent. Natuurkundige Charles Darwin het geskryf oor die verband tussen Australië se droë temperature en die gevolglike brande wat hy tydens sy besoek in Januarie 1836 daar opgemerk het: "In die hele land het ek skaars 'n plek gesien wat sonder tekens van vure is, of dit meer onlangs was of nie so onlangs nie – of die boomstompe meer of minder swart was, dit was die grootste verandering wat die eenvormigheid afgewissel het, wat so vermoeiend vir die reisiger se oog is" (*Voyage of the Beagle*, bl. 324).

In haar bloemlesing van 1911, *The Closed Door*, som die Australiese digteres Dorothea Mackellar die harde maar minsame klimaat van haar geliefde Australië op in haar beroemde gedig, "*My Country*": "Ek is lief vir 'n sonverbrande land, 'n land van wye vlaktes, van ruwe bergreekse, van droogtes en oorvloedige reëns. Ek is lief vir haar verre horisonne, ek is lief vir haar juweel van 'n see, haar skoonheid en haar verskrikking – die wye bruin land vir my!"

**Droogte: 'n Lewenswyse**

Australiërs het begin om droogte as 'n lewenswyse te verwag. Drie uit elke tien jaar bring tipies verminderde reënval en verdorde toestande. Hierdie gereelde siklus word ook af en toe verbreek deur feller droogtes. Droogte is so algemeen in Australië dat sommige kundiges voorgestel het dat die woord "droogte" weggelaat word uit besprekings oor Australië se klimaat en verkies dat daar eerder gedink moet word aan die wisselings van neerslae en temperature *as normale skommelings* in plaas van ongewone en onvoorsiene gebeure. Hierdie benadering word weerspieël in die Australiese Regering se beleid; skrywers Linda Botterill en Melanie Fisher wys daarop dat om te leer om met droogte saam te leef, beteken hoofsaaklik om te leer wat dit "beteken om 'n Australiër te wees" (*Beyond Drought: People, Policy and Perspectives*, bl. ix).

Waarom wissel Australië se klimaat so erg? Een groot faktor

is die gereelde patrone van die Suidelike Ossillasie – 'n klimaatspatroon wat wissel tussen El Niño klimaatstoestande waarin die warmer oseaan hoër temperature en minder reën meebring, en La Niña klimaatstoestande waar die koeler oseaan storms en verhoogde reënval veroorsaak, veral in oostelike Australië.

**Is die "Groot Droogte" anders?**

Gegewe so 'n geskiedenis van droogte, was Australië se onlangse droogte-toestande dan anders? Ja, hulle was. Soos die Australiese Buro vir Statistieke meld, was die 2002-2003 droogte in sommige opsigte uniek en ongewoon erg vir twee redes – dit was vergesel van rekord hoë gemiddelde maksimum temperature en dit het feitlik die hele kontinent geaffekteer (*Yearbook: Australia 2006, "Australia's Climate"*). Droogte-toestande het voortgeduur dwarsdeur die 2006-2007 groeiseisoen, toe die Murray-Darling Rivierkom, wat 40% van Australië se landbougewasse verbou, op sy droogste in 116 jaar was. Verslaggewer Emily Sohn skryf in *Science News*: "Die Australiese kontinent het sedert antieke tye droogtetye beleef, maar die lengte en intensiteit van die huidige krisis het selfs die mees geharde klimaatkundiges verras" ("*The Big Dry*", 27 Oktober 2007).

Selfs na die welkome reëns in Desember 2007, berig Australië se Buro van Meteorologie: "... die ergste van die langtermyn tekorte sal waarskynlik nog vir 'n tyd lank voortduur" ("*Drought Statement*", 7 Januarie 2008).

Wetenskaplikes stem saam dat klimaatsverandering in Australië vinniger plaasvind as wat verwag is en party waarsku dat wêreldwye klimaatsveranderings – insluitende warmer temperature in Australië – hier is om te bly. Sodanige veranderings, sê hulle, sal meer langdurige droogte-toestande meebring. Soos die Australiese Buro vir Statistieke opgemerk het: "Temperature in Australië was redelik stabiel vanaf 1910 tot 1950, maar sedertdien toon dit 'n stygende neiging met 'n algehele vermeerdering van ongeveer 0,7ºC vanaf 1910 tot 2004 ... Die waarneembare verwarming oor Australië het in die laaste paar jare toegeneem en die latere 20ste eeu se verwarming word grootliks toegeskryf aan die toenemende kweekhuiseffek (*Yearbook Australia 2006, "Australia Climate"*).

Verslaggewer Richard Macey skryf in die *Sydney Morning Herald*: "Dit mag moontlik nou tyd wees om op te hou om suidoostelike Australië te beskryf as sou dit in die greep van droogte wees en eerder aanneem dat die uitsonderlike droogte-toestand permanent is" ("*This drought may never break*", 4 Januarie 2008).

**Waarom klimaatsverandering?**

Indien Australië in werklikheid warmer word en droogte-toestande aan die toeneem is, waarom gebeur dit? Een faktor wat meeste mense nie in aanmerking neem wanneer weerpatrone verander nie is *dat daar 'n God is wat ingryp in wêreldgebeure*. Die Bybel onthul dat God die weer gebruik om Sy wil hier op aarde te laat geskied. Of die Groot Droogte gaan vererger of gaan afneem, die Skrif maak dit duidelik dat God diegene seën wat Hom dien met "reëns ... op die regte tyd" (Levitikus 26:4) en dat Hy die weer gebruik om sy vyande deur Sy mag te verstrooi (Job 38:22-23).

God het 'n verbond aangegaan met antieke Israel en beloof om die nasie met goeie weer te seën indien die volk Hom sou gehoorsaam. Aan die ander kant waarsku Hy, Hy "... sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper" (Levitikus 26:19) as hulle Hom nie gehoorsaam nie. Israel het nogtans gerebelleer. God het hulle oor en oor gewaarsku om hul weë reg te maak. Uiteindelik sê Hy: "Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede" (Amos 3:2).

Wat sou daardie wyse van straf wees? "Ek het julle met brandkoring [droogte] en met heuningdou [oormatige neerslag] swaar getref ... nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE"

(Amos 4:9). Ten spyte van God se waarskuwings en *geduldige vermanings*, het Israel nie getrou na Hom teruggekeer nie. Uiteindelik het God toegelaat dat die noordelike tien stamme van Israel in ballingskap geneem word deur die Assiriese ryk.

Wat het gebeur met daardie stamme wat God verwerp het? Hulle het nie verdwyn nie! Tydens Sy leeftyd op aarde het Christus gesê Hy weet waar die “verlore skape van die huis van Israel” – die sogenaamde “verlore tien stamme” – werklik was in daardie tyd (Mattheus 10:6). Die historikus Josefus skryf van 'n “ontsaglike menigte” Israeliete “anderkant die Eufraat” (*Antiquities of the Jews*, Boek 11, Hoofstuk 5).

Studente van geskiedenis en die Bybel, kan vandag die migrasie van die tien “verlore” stamme volg en hulle tog noord en weswaarts tot by die Britse Eilande en noordwestelike Europa aanteken. Die volke wat afstam van Josef se seuns Efraim en Manasse het hul gevestig in die Britse Eilande en baie van hulle het later migreer na Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, Kanada en die Verenigde State van Amerika.

In die verlede het God die weer gebruik om met antieke Israel te werk. Sal Hy weereens vandag die weer gebruik om Sy mense te seën – of te vervloek? God stuur sekerlik uit Sy groot barmhartige genade die sonskyn en reën oor “die slegtes en die goeies” (Mattheus 5:45). Nogtans openbaar die Boek Openbaring dat daar 'n tyd sal kom wanneer God die weer meer direk sal gebruik om met rebelse mense te werk.

Jesus Christus het voorspel dat net vóór Sy Wederkoms, daar 'n tyd van hongersnood gaan kom, en sterftes as gevolg van honger (Openbaring 6:5-8). Hy sê hierdie tyd sal lei na 'n groot verdrukking, ook bekend as die “vyfde seël” (vers 9). Die Skrif toon dat hierdie “vyfde seël” 'n verskriklike rampspoedige tyd sal wees wat spesifiek oor die huis van Jakob gaan kom (Jeremia 30:7) – wat huidig, saam met die nasie Israel in die Midde-Ooste, die volgende nasies insluit: Australië, Nieu-Seeland, Groot Brittanje, Suid-Afrika, Kanada en die Verenigde State van Amerika.

Hierdie tyd van verdrukking is geprofeteer om 'n tyd van ongeëwenaarde lyding te wees soos wat die wêreld nog nooit voorheen ervaar het nie (Mattheus 24:21). Die Skrif onthul dat tientalle miljoene afstammelinge van antieke Israel sal omkom. Terwyl hy die hele huis van Israel in hierdie toekomstige tyd aanspreek, waarsku die profeet Esegiël: “'n Derde deel van jou sal aan die pes sterwe en deur hongersnood in jou omkom” (Esegiël 5:12).

Esegiël het duidelik gewaarsku aangaande groot droogtes wat die moderne afstammelinge van antieke Israel sal tref: “As Ek die verderflike pyle van hongersnood teen hulle uitstuur wat tot verwoesting is, wat Ek uitstuur om julle te vernietig, dan sal Ek die hongersnood oor julle vermeerder, en julle staf van die brood sal Ek verbreek” (vers 16).

Die geprofeteerde oordele oor Israel sal kom as gevolg van hul *sondes*. God sal egter ook plae gebruik om die nasies van die hele wêreld te oordeel vir hul sondes en omdat hulle die geprofeteerde “Diermoondheid” volg. Die Skrif dui aan dat daar 'n tyd sal wees wanneer aan twee van God se getroue dienaars buitengewone mag gegee sal word om vir drie-en-'n-halwe jaar “die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie” (Openbaring 11:6). Dit is duidelik dat in die jare wat binnekort voorlê, God *droogte en voedselskaarste* as werktuie sal gebruik om moderne Israel – en alle mense – belangrike lesse te leer aangaande gehoorsaamheid aan Hom.

Jesus Christus het voorspel dat voor die rampspoed aan die einde van hierdie tydvak, tydens tye van maatskaplike onrus en oorlog, uiterste weersomstandighede sal begin toeneem: “En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte” (Mattheus 24:6-8).

**Waarom moderne Israel straf?**

Het God enige rede om

moderne Israel te straf – insluitende die nasies van Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, Groot Brittanje, Kanada en Amerika? Moses het voorspel dat God die afstammelinge van Josef sal seën (insluitende Efraim en Manasse) met die keurigste plekke op aarde. Neem kennis: "Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; *sy* takke klim oor die muur. Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob – daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is, van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers" (Genesis 49:22-26).

Elders in die Skrif word dieselfde seën aan Josef herhaal: "En van Josef het hy gesê: Geseënd deur die HERE is sy land met die kostelikste gawe van die hemel, met dou en met die wêreldvloed wat onder lê, en met die kostelikste voortbrengsels van die son en met die kostelikste gewasse van die mane en met die vernaamste voortbrengsel van die berge van die voortyd en met die kostelikste gawe van die ewige heuwels en met die kostelikste gawe van die aarde en van sy volheid, en die welbehae van Hom wat in die doringbos gewoon het – laat dit kom op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die vors onder sy broers" (Deuteronomium 33:13-16).

Was die moderne nasies wat van antieke Israel afstam geseën soos hierdie verse aantoon? Alhoewel Australië slegs ongeveer 7% bewerkbare grond besit (in vergeleke met 19% in Amerika), is die land ryklik geseënd met natuurlike hulpbronne. Australië is eerste op die wêreld se ranglys vir wolproduksie en tweede in die produksie van lood, sink, nikkel en goud – meer as Amerika in al hierdie areas. Australië is die wêreld se derde grootste produsent van steenkool, net na China en Amerika, en is die sesde grootste koringprodusent. Australië is derde in die wêreld op die "menslike ontwikkelingsindeks" wat deur die Verenigde Volke se Ontwikkelingsprogram opgestel is; en wat lande indeel volgens die inwoners se lewensverwagting, volwasse geletterdheid, skolastiese jare en persoonlike inkomste (*Pocket World in Figures*, 2006 Uitgawe, bll. 30, 48, 50-53).

Nogtans, ten spyte van so baie seëninge, is Australië belas met maatskaplike probleme, net soos die res van die moderne Israelitiese nasies. 'n Verslag wat in 1990 deur die Australiese Instituut vir Kriminologie opgestel is kom tot die ongelukkige gevolgtrekking dat Australië se misdaadsyfer in baie opsigte baie hoog is in vergeleke met ander soortgelyke nasies. "Australië is die derde hoogste geplaas van die veertien lande [wat bestudeer is] ten opsigte van algehele viktimisasie ... In aanranding waar geweld betrokke is, in die minder ernstige tipes seksuele insidente, in diefstal en motordiefstal, rangeer Australië die hoogste van al die lande wat nagevors is" (*A Comparison of Crime in Australia and Other Countries,* bl. 2).

Die moderne Israelitiese nasies is ook hoog op die ranglys vir gewoontevormende gedrag, soos pornografie. In terme van inkomste verkry uit pornografie kom Amerika derde in die wêreld, Australië vierde, die Verenigde Koninkryk vyfde en Kanada sewende. Australië oortref die V.S. meer as dubbel ten opsigte van per capita inkomste verkry uit pornografie.

Waarlikwaar, as God droogtes en ander rampe gebruik het om antieke Israel te straf vir hul sondes, kan moderne Israel nie daarop aanspraak maak dat hulle Sy teregwysing minder verdien nie.

**Bid vir reën**

In April 2007, toe reën dringend en desperaat nodig

*Vervolg op bladsy 26*

# Vrae & Antwoorde

**Vraag:** Mattheus se evangelie boekstaaf dat na Jesus se opstanding, "die grafte ... oopgegaan [het] en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan" (Mattheus 27:52). Het hierdie mense hemel toe gegaan? Verduidelik asseblief wat gebeur het met hierdie mense wat uit die dood opgewek is.

**Antwoord:** In die Bybel as geheel vind ons agt ander gevalle van mense wat weer lewend geword het nadat hul gesterf het (1 Konings 17:17-24; 2 Konings 4:32-37; 13:20-21; Mattheus 9:23-26; Lukas 7:11-15; Johannes 11:43-44; Handelinge 9:36-41; 20:9-12). In elkeen van hierdie gevalle is dit duidelik dat die betrokke individue opgewek was terug na 'n fisiese lewe. Dit beteken dat hulle die res van hulle natuurlike, fisiese lewens uitgeleef het en toe weer gesterf het soos alle mense (Hebreërs 9:27).

Wat was die besonderhede van die opstanding wat in Mattheus 27 beskryf word? Let op na vers 53: "... ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn". Hierdie opgewekte heiliges het nie "na die hemel gegaan" nie – hulle het na Jerusalem gegaan, die "heilige stad", waar baie hulle gesien het.

Die ander agt opstandings waarvan hierbo melding gemaak word, was nie opstandings tot die ewige lewe nie; dit was opstandings na 'n fisiese lewe. Is daar enige rede om te dink dat die opstanding van hierdie "ontslape heiliges" enigsins anders was?

Die apostel Paulus voorsien die antwoord in sy eerste brief aan die Christene van Korinthe. Paulus verduidelik dat daar 'n besliste volgorde aan die opstandings verbonde is. Jesus Christus het die "eerste vrugte" geword – die eerste wat opgewek is tot die ewige lewe – van almal wat gesterf het. (1 Korinthiërs 15:20). Daarna beskryf Paulus die Christene se opstanding tot die ewige lewe: "Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms" (1 Korinthiërs 15:21-23).

Neem kennis! Christene sal opgewek word met Christus se Wederkoms! Slegs dan sal opgewekte sterflike wesens "met onverganklikheid beklee" word (vers 54). God is nie 'n God van wanorde nie en Hy kan nie lieg nie, dus kan ons verseker weet dat die opgewekte heiliges van Mattheus 27 nie opgewek was tot die ewige lewe nie. Toe die "opgestane heiliges" Jerusalem binnegegaan het, soos in Mattheus 27 beskryf word, het Christus se Wederkoms nog nie plaasgevind nie, dus moes hul opstanding tot fisiese lewe gewees het!

Hoe kan ons seker wees dat hierdie heiliges wat opgestaan het – en inderdaad al die ander opstandings wat in die Bybel beskryf word, met Christus se opstanding as die enigste uitsondering – opgewek was tot sterflike lewe? Ons weet dit omdat slegs Jesus "alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon" (1 Timotheus 6:16). Jesus het aangekondig: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13).

Watter doel dien hierdie opstanding – en trouens al die ander vroeëre opstandings – in God se plan? Hulle dien as wonderbaarlike bewyse van God se groot genade, heerlikheid en mag. Hulle identifiseer God se ware Werk en Sy ware diensknegte. Let op hoe Lasarus se verstommende opstanding die geloof van die omstanders versterk het. Jesus het tot die Vader gebid: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar ter wille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het" (Johannes 11:41-42).

Soortgelyk het die opstanding van die heiliges wat Jerusalem binnegegaan het, gedien as 'n kragtige getuie dat God deur Sy onlangs opgewekte Seun werk. "Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil" (Johannes 5:21). Hierdie heiliges het hul sterflike lewens uitgeleef as 'n wonderbaarlike getuie van God se ontsagwekkende krag, en daarna het hulle weer gesterf. Hulle is nou dood in hul grafte in afwagting op Jesus Christus se Wederkoms. "En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie" (Hebreërs 11:39-40).

WvM

# Profesie neem

## Nasionale Blindheid is Voorspel

Wat gebeur met nasies wanneer hulle leiers rampspoedige beleidsrigtings navolg wat teenstrydig met hulle eie nasionale belang is? Die gewilde geskiedskrywer, Barbara Tuchman, het oor hierdie verskynsel geskryf in haar klassieke 1984 verhandeling, *The March of Folly*. Vandag sien ons dat die Verenigde State, Groot Brittanje, Frankryk en ander nasies wat die nakomelinge is van die stamme van antieke Israel, die gevaarlike pad afmarsjeer wat deur Tuchman waargeneem is. 'n Paar opmerksame kritici het die dreigende gevolge van hulle nasies se flaters raakgesien, maar sonder die insig van Bybelse profesie faal hulle om te verstaan *waarom* hulle nasies struikel.

God het lank gelede in die Bybel geprofeteer dat, namate ons die einde van hierdie tydvak nader, die moderne Israelitiese nasies blindelings verkeerde paaie sal volg. Die Bybel openbaar ook hoekom dit besig is om te gebeur deur profesieë wat vandag besig is om *gestalte aan te neem*.

### Kortsigtige, mislei beleide

Tuchman het geskryf oor wat sy geïdentifiseer het as Amerika se selfverydelende beleid wat aanleiding gegee het tot die wanbestuur van die Viëtnamese oorlog. Sedertdien het Amerika, (dikwels saam met Brittanje en ander hoofsaaklik Angel-Saksiese bondgenote) 'n reeks militêre aksies begin wat die nasie beroof het van finansiële, militêre en menslike hulpbronne. Oorloë in die Midde-Ooste en Sentraal-Asië het veroorsaak dat Amerika groot handelstekorte opgebou het en finansieel in die skuld geraak het by nasies soos Sjina, wat potensiële teenstanders is. Dit is ironies dat die geld wat deur die Weste aan Sjina en die Arabiese nasies gestuur word, dan dikwels deur daardie nasies aangewend word om vaste eiendom en ander hulpbronne in die Weste aan te koop. In werklikheid is die Westerse nasies besig om hulle bates aan buitelandse eienaars te verkoop.

In hul pogings om hul nasie binne die Europese Unie te betrek, het Britse leiers baie van die Britse goudreserwes aan Europa verhandel, beheer oor Britse viswaters prysgegee en ingestem dat die Europese Unie se wette en howe Britse wette ter syde kan stel.

Die nasies wat van antieke Israel afstam – insluitende Amerika, Brittanje, Kanada, Australië, Frankryk, Holland en Skandinawië – het hulle grense oopgegooi vir 'n massiewe instroming van immigrante wat begin het om nasionale gesondheidsorg en maatskaplike dienste te bedreig. Anders as vorige generasies immigrante wat gewoonlik probeer het om in te skakel by hulle gasheer-nasies, is hierdie meer onlangse immigrante geneig om vas te klou aan hulle moedertale, hul eie gebruike, waardes en gelowe – wat aanleiding gee tot maatskaplike spanning wanneer hulle aandring op hulle “regte” in hulle nuwe tuistes namate hulle poog om die einste karakter van die lande wat hulle binnegedring het, te verander.

Een waarnemer het insiggewend opgemerk: “Binne tien jaar sal Engeland nie meer Engeland wees nie”. Insgelyks praat immigrante na die Amerikaanse grensstate soos Kalifornië, Arizona, Niew-Mexiko en Texas, openlik van 'n *reconquista* (herowering) namate hulle probeer om die kultuur van hierdie state te verander om ooreen te stem met dié van hulle geboorteland, Mexiko. Sommige immigrante hoop selfs op 'n politieke herskikking. In Europa het geweld waarby immigrante betrokke is, alreeds eens rustige gemeenskappe ontwrig in Engeland, Frankryk en Holland – en sal sekerlik voortgaan solank beide immigrante en hulle gashere bedreigd voel. Alhoewel “veelvuldige kulturalisme” sigbaar besig is om te faal in hierdie lande, gaan

# gestalte aan

misleide politici voort om hierdie selfvernietigende beleid te bevorder en hou hulle blind vir die vernietigende gevolge daarvan.

Vir dekades reeds, verkondig sekulêre wetenskaplikes in die Westerse wêreld dat godsdiens ontoepaslik is, dat mense "bevry" behoort te word van die boeie en beklemmende beperkings van Bybelse morele waardes. Sogenaamde "progressiewe" leermeesters handhaaf die mening dat seksuele genot deur enigeen, enige plek, enige tyd, nagestreef en geniet behoort te word met min of geen beperking nie. "Verligte" denkers wil die "huwelik" herdefinieer as enige ooreenkoms wat aanvaarbaar is vir die partye wat daarby betrokke wil wees.

Wat is die gevolge van sodanige "bevryding"? Die kommerwekkende statistieke van gebroke huise, dwelmmisbruik, jeugmisdaad, seksueel-oordraagbare siektes, jeug-selfmoord en armoede in enkelouer-huishoudings vertel die treurige verhaal. Eerder as om die gemeenskap te bevry, bevind 'n gemeenskap wat alle Bybelse beperkings oorboord gooi, dat dit sy eie stabiliteit ondermyn – nogtans gaan ontelbare Westerse leiers voort om hierdie gemeenskaps-vernietigende idees aan te moedig. Tydens 'n tyd wat ons nasies baat sou kon vind by 'n terugkeer na Bybelse waardes, is die trefferlyste vol boeke geskryf deur aggressiewe ateïste wat met geloof in God en die Bybel die spot dryf.

Genadiglik is daar 'n handjievol bedagsame mense wat besef dat sekere morele waardes – wat toevallig ook die Bybelgebaseerde morele waardes is wat lank reeds aanvaar word deur diegene wat ware Bybelse godsdiens beoefen – 'n gesonde basis kan verskaf aan enige gemeenskap wat dit aanvaar. Die meerderheid egter, selfs in die sogenaamde "Christelike" nasies, verwerp daardie waardes – en verstaan nie dat God Self voorspel het dat hierdie verwerping sou plaasvind, net voor die einde van hierdie tydvak nie!

**Antieke profetiese waarskuwings**

Die God van die Bybel sê Hy kan die toekoms voorspel en dit dan laat gebeur (Jesaja 46:9-10). In tweeledige profesieë, wat aanvanklik deur antieke Israel vervul was maar uiteindelik vervul sal word deur die moderne afstammelinge van die twaalf antieke stamme van Israel, waarsku God: "... jou leiers verlei jou en bring jou van koers af" (Jesaja 3:12; 9:16 NV).

Aangaande Israel se leiers, sê God: "Dié wat oor my volk moet waak, is almal blind, hulle weet niks nie ... Hulle is herders sonder insig" (Jesaja 56:10-11 NV). Hierdie profesieë is gerig tot 'n siek en sondige nasie, waar "vreemdes ... julle landerye [verteer] in jul teenwoordigheid" (Jesaja 1:3-4, 7) – net soos dit vandag besig is om te gebeur. God het ook die Israeliete gewaarsku daar kom 'n tyd wanneer "... die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees" (Deuteronomium 28:43-44) – net soos dit vandag besig is om te gebeur. God waarsku dat daar 'n tyd gaan kom wanneer die leiers van die Israelitiese nasies "sleg goed [sal] noem en goed sleg" (Jesaja 5:20), wanneer die profete valslik sal profeteer "en my volk wil dit graag so hê" (Jeremia 5:31).

Die Skrif beskryf 'n tyd wanneer die leiers sal praat van "Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie" (Jeremia 6:14). Die wêreld se politieke leiers ken nie vandag die weg na vrede nie (Jesaja 59:8), omdat hulle *nie kan insien en nie kan verstaan* dat die Bybel die weg na vrede *openbaar* nie (Psalm 119:165).

God voorsien 'n tyd van moeilikhede en afnemende invloed vir die nakomelinge van

antieke Israel, wanneer mense verblind sal wees vir die gevolge van hulle eie dade (Hosea 7:8-10). Hulle sal dwaasheid nastreef, betrokke raak in beleid wat teenstrydig met hulle eie nasionale belang is, omtrent soos Tuchman beskryf het. Maar hoekom is die moderne Israelitiese nasies – hulle leiers en hulle mense – verblind en nie in staat om hulle eie probleme in te sien nie?

**Die oorsaak van blindheid**

Die Skrif openbaar: "Die HERE het oor julle [die Israelitiese nasies] uitgegiet 'n gees van diepe slaap, en Hy het julle oë – die profete – toegesluit en julle hoofde – die sieners – toegebind ... en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan, en die verstand van hulle verstandige mense sal wegskuil" (Jesaja 29:10, 14). Daar is 'n rede waarom God toelaat dat hierdie gees van blindheid oor die leiers en mense van die Israelitiese nasies kom: "Want hulle het nagelaat om die HERE te vereer" (Hosea 4:10). "Omdat hulle my verbond oortree het en teen my wet gesondig het (Hosea 8:1). God kla: "Al sou Ek ook self vir hom ontelbare afskrifte van my wet gee, dit bly vir hom die wet van 'n onbekende ... Toe Israel sy Maker vergeet het" (Hosea 8:12-14 NV). Die apostel Paulus waarsku die Israeliete van sy dag: "God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie" omdat hulle weier om God en Sy woord te glo (Romeine 11:8). Paulus vermaan dat wanneer mense God en Sy weë verwerp, Hy hulle sal oorgee aan "'n slegte gesindheid" – 'n verstand wat nie reg kan dink nie en nie sy eie dwaling kan insien nie (Romeine 1:18-28). Regdeur die Bybel openbaar profesieë dat die moderne Israelitiese nasies 'n paar harde lesse sal moet leer, omdat hulle hulle oë vir God en Sy weë gesluit het. Maar selfs indien u nasie verblind bly, kan u as indiwidu u oë open en handel volgens die waarhede wat u besig is om te leer. *Sal u dit doen*? ***—Douglas S. Winnail***

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Die Groot Droogte*

was om die oeste in die belangrike Murray-Darling Kom te red, het die Eerste Minister, John Howard, die Australiërs aangemoedig om te bid vir reën. Hy het gesê: "Dit is 'n ernstige toestand en daar is geen sin daarin om aan Australië anders voor te gee nie. Ons moet almal hoop en bid vir reën".

Sal *ons* vir reën bid? Sal ons dan dank betuig indien dit gekom het? Nog meer belangrik, sal ons ons sondes bely – dan daaroor berou hê en ons daarvan bekeer? Die Skrif gee aan ons Koning Salomo se gebed tydens die inwyding van die Tempel: "As die hemel toegesluit is, dat daar geen reën is nie, omdat hulle teen U gesondig het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely, van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig, wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u knegte en van u volk Israel vergewe – want U leer hulle die goeie weg waar hulle in moet wandel – en gee reën op u land wat U aan u volk as 'n erfenis gegee het" (2 Kronieke 6:26-27).

Net soos die droogtes wat voor dit was, het die Groot Droogte op die een of ander manier die lewens van alle Australiërs geraak. Landbouers en veeboere het veral moeilike uitdagings in die gesig gestaar. Besighede het gely. Die roetine van die alledaagse lewe het verander namate individue moes aanpas by die strenger waterbeperkingsregulasies, deur nie hul grasperke nat te maak, nie hul motors te was nie, minder water in die stort te gebruik en ywerig reënwater op te gaar. Droogtes is tye wanneer elkeen die nodige veranderings maak om die uitdaging te aanvaar en te oorleef.

Sal ons egter die belangriker geestelike veranderings maak in antwoord op hierdie klimaatsuitdagings? Sien ons die "handskrif teen die muur"? Wil ons God se persoonlike versorging en troos vir ons en ons gesinne hê in die komende tye van spanning en dwang? Waarheen sal ons draai wanneer die geprofeteerde verdrukking kom?

Ons enigste, uiteindelike antwoord is om ons na God te wend, ons Skepper en Maker. "So sê die HERE: Vervloek is die

man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk. En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land. Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is. *Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen;* en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie" (Jeremia 17:5-8).

God het die nasies van Josef geseën – en gaan voort om hul oorvloedig te seën. Ons tyd is egter besig om uit te loop, tensy ons wegdraai van ons sondes en *met ons hele hart* terugdraai na die Almagtige God. Dit is die uitdaging en die waarskuwing wat Jesus Christus aan die nasies van Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk, Kanada en die Verenigde State van Amerika – en ja, ook vir die hele wêreld, gee! *Sal u daarop ag slaan?* WvM

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

millennia gelede deur Assirië oorwin en in ballingskap weggevoer is voordat hulle sogenaamd "verdwyn" het.

Baie geleerdes beskryf daardie "verdwene" nasies as die "Verlore Tien Stamme van Israel". Alhoewel die meeste historici met hulle tred verloor het, *het hulle nie* verdwyn nie! Vandag kan die afstammelinge van hierdie nasies duidelik met die mense van noordwestelike Europa, Brittanje tesame met die voormalige Gemenebes nasies en die Verenigde State geïdentifiseer word. Letterlik *dosyne* profesieë van die Bybel beskryf wat met hierdie nasies gebeur *het*, nou *besig is* om te gebeur en wat *binnekort* nog gaan gebeur – **tensy** hulle bekeer en hulself heelhartig na die God van die Bybel wend.

Hierdie werklik boeiende geskiedenis – 'n werklike "sleutel" om ons te help om ongeveer 90% van eindtydse profesieë te verstaan – word verduidelik in ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* U **behoort regtig** hierdie uiters belangrike boekie sorgvuldig te lees! Indien u nog nie 'n kopie het nie, skryf of skakel ons streekkantoor naaste aan u (gelys op bl 2 van hierdie tydskrif), of skakel in op die Internet by ons webtuiste www.wvm.co.za en vra vir 'n **gratis** kopie van hierdie kragtige en baie betekenisvolle boekie. Dit sal u werklik insig gee in wat *nou* besig is om te begin gebeur.

*Baie* Bybelse profesieë voorspel wat nou besig is om te begin gebeur met die Amerikaanse en Brits-afstammende volkere. Die hele boek van Hosea is in werklikheid 'n **tweeledige** profesie – dit beskryf wat met daardie nasies in antieke tye *sou* gebeur, en wat **nou** op die punt staan om met hulle te gebeur gedurende hierdie voorspelde "tyd van die einde". Soos die boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* verduidelik, is die Angel-Saksies-Keltiese nasies van Brittanje afstammelinge van die stam van Efraim – een van die sogenaamde "Verlore Tien Stamme".

Verstaan asseblief. Die stam van Efraim is nie "Joods" nie – en die Bybel maak 'n *duidelike onderskeid* tussen die "Huis van Israel" en die "Huis van Juda" (2 Konings 14:12-14). *Wat* sê God se geïnspireerde woord gaan gebeur met moderne Efraim, hierdie nasies wat van die Britte afstam?

"Efraim – hy vermeng hom met die volke; Efraim is 'n roosterkoek wat nie omgekeer is nie. **Vreemdes** *verteer sy krag*, en hy bemerk dit nie; ook is grysheid oor hom uitgesprei, en hy weet dit nie. Ja, die trotsheid van Israel getuig openlik teen hom; en tog bekeer hulle hul nie tot die HERE hulle God nie, en ondanks dit alles soek hulle Hom nie" (Hosea 7:8-10).

Nuwe regulasies van die Europese Unie moedig miljoene immigrante aan om Engeland binne te gaan, veral vanuit die vorige Kommunistiese nasies van Oos Europa. Golwe immigrante, hetsy Rooms-Katoliek of Moslem, verander die gevestigde karakter van buurtes – somtyds selfs van hele stede en dorpies.

Gedurende my besoek aan Brittanje vroeër hierdie jaar, het die groot getal artikels in die Britse pers my opgeval wat die verlies aan die nasie se Britse karakter betreur. Is dit enige wonder dat baie inheemse Britte ontstoke raak wanneer hulle gekonfronteer word met EU planne wat die nasionale grense van Brittanje ignoreer, wanneer hulle sien dat die EU se burokrate eerder verkies om die nasie se burgers te verdeel in verskeie "streke" saam met ander nasies, sonder om Brittanje se nasionale karakter en geskiedenis in aanmerking te neem?

Is dit voorbestem vir Brittanje om deur Europa verswelg te word? Die Almagtige God sê: "Israel is klaar ingesluk. In die oë van die nasies het hulle nou geword soos 'n ding wat niemand wil hê nie. En tog het die leiers by Assirië gaan hulp soek. Efraim is soos 'n eensame wildedonkie; hy het vir homself vriende gaan soek. Maar al sou hy ook vriende maak onder die nasies, sou dit niks baat nie, want Ek gaan hulle nou bymekaarjaag, en binnekort sal hulle soos donkies swaar dra aan die las van die koning van Assirië" (Hosea 8:8-10 NV). Die Britse deel van die moderne "Huis van Israel" staan op die punt om "ingesluk te word". Miskien dink die misleide leiers van Brittanje dat hulle ekonomiese voordele sal verkry deur verskeie verdrae en bondgenootskappe met "hierdie nasies" te sluit. Min besef hulle die voorspelde "verdriet" wat dit gaan meebring!

Wat *behoort* ons vriende en geliefdes in Brittanje te doen? God se woord sê: "Want Efraim het die altare vermenigvuldig om te sondig – die altare het vir hom tot sonde geword. Ek het hom tienduisende *leringe* van my wet voorgeskrywe, *maar* dit word as iets vreemds geag" (Hosea 8:11-12). Daardie betreklik min Britte wat God waarlik vrees moet bewe vir Hosea se woorde, en moet heelhartig *terugkeer* na die God van die Bybel, begin om Hom te eer en begin om die "leringe" van Sy Wet te **gehoorsaam**!

Ons in hierdie Werk, die **eind**tydse dienaars van die lewende God, **waarsku** nou ons geliefde vriende in Brittanje om "**wakker te skrik**" en te besef wat besig is om te begin gebeur! Stadig maar seker, oor die volgende paar jaar, gaan die eens groot Britse nasie verneder word **–** *tensy* dit 'n nasionale berou tot bekering ondergaan wat *eg en opreg* is. Soos ons in die verlede gewaarsku het, mag Brittanje uiteindelik self onttrek – of *uitgesit* word – uit die EU. Selfs dan, soos God se woord dit duidelik maak, is die *komende oorname* van Brittanje deur 'n tien-nasie konfederasie – wat u Bybel as die "Dier" beskryf – absoluut verseker tensy daar *ware* berou tot bekering plaasvind!

Hoewel die Britse *Daily Telegraph* skryf, "sê Totsiens aan Engeland", openbaar God se woord die goeie nuus dat die Britse nasie teruggebring *sal* word uit gevangenskap, en sal leer om die Here hulle God te "soek" wanneer Christus se Koninkryk in die "laaste van die dae" gevestig word (Hosea 3:5). Mag God daardie dag verhaas!




# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf aan: Lewende Kerk van God, Privaatsak X 3016, Harrismith, FS 9880**

**of skakel: 058 622 1424**
**en vermeld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**